Hantam Munisipaliteit

KENNISGEWING
KWOTASIE NO: SCM12/2017
UITNODIGING OM TE KWOTEER

SLUITINGSDATUM: 20 Desember 2017 SLUITINGSTYD: 12:00

FORMELE KWOTASIES: VOORSIENING VAN PRE-PAID METERS

Geskrewe kwotasies word hiermee aangevra vir die verskaffing van die volgende item aan die Hantam Munisipaliteit vir die tydperk wat op 20 Desember 2017 eindig.
Navrae in verband met die spesifikasies asook ander inligting in verband met die kwotasie kan aan Mnr Jan De Wee by telefoon (027) 341-8500 gerig word.

Die kwotasies, tesame met bykomende dokumentasie soos versoek, moet teen **nie later nie as 12:00 op Woensdag, 20 Desember 2017** in verseëlde koeverte in die **tenderbus op die Grondvloer by die Munisipaliteit te Hoopstraat 20, Calvinia** geplaas word, of gepos word om die **Munisipale Bestuurder, Privaatsak x14, Calvinia 8190** voor die gemelde sluitingsdatum- en tyd te bereik.

Die koeverte moet elkeen duidelik gemerk word met die naam van die diens en die sluitingsdatum soos hierbo. Die koeverte moet ook vir die aandag aan Hantam Munisipaliteit gemerk word.

Dat die voornemende verskaffers op die volgende aspekte moet let:

- **Hulle op die CSD (Nasionale Databasis) geregistreer is en moet bewys van hul MAAAO nommer op hul kwotasie aandui.**
- **Bewys van hul Munisipale dienste rekening by hul kwotasie insluit.**
- **Geldige BEE Sertifikaat by hul kwotasie insluit.**
- **Geen kwotasies wat per e-pos of gefaks word, sal HANTEER WORD NIE.**
- **Indien u, Direkteur en of Bestuurder van die Maatskappy, die diens van die Staat / Plaaslike Owerhede verlaat in die afgelope 12 maande, mag u glad nie aansoek doen nie.**
- Kwotasies sal verwerp word in dien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (**MBD 4)** nie aangeheg is nie. Die ingevulde vorms **MBD 8 en MBD 9** moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die vorms kan die Waarnemende Hoof: Voorsieningskanaal of die Munisipaliteit se webtuiste (htpp:///www.hantam.gov.za) verkry word of e-tender portal (www.etender.gov.za)

Die tenderbus sal net ná 12:00 op die sluitingsdatum leeggemaak word, waarna alle kwotasies in die openbaar oopgemaak sal word. Kwotasies wat laat ontvang word of kwotasies wat per e-pos of faksimilee gestuur word, sal onder geen omstandighede aanvaar word nie.

Pryse sal oorweeg word volgens die voorgeskrewe Voorsieningskanaal Bestuurs Regulasies, en die 80/20 puntestelsel soos voorgeskryf deur die PPPFA, 5 van 2000. Meer inligting hieroor kan van die Waarnemende Hoof: Voorsieningskanaalbestuur by telefoon (027) 3418513 verkry word.

Die Munisipaliteit behou die reg voor om enige versoek vir 'n kwotasie terug te trek en/of te heradverteer of enige kwotasie te verwerp of gedeeltelik te aanvaar. Die is nie gebonde tot die aanvaarding van die laagste kwotasie nie.

Plaaslike voornemende diensverskaffers wat nog nie geregistreer is op die CSD(Central supplier Database), kan Munisipalekantore te Hoopstraat Calvinia besoek om behulpe te wees hoe om op die databasis te registreer.

J I Swartz
MUNISIPALE BESTUURDER

SPESIFIKASIES

50 x Sabre Landisgyr Prepaid SP 3Fase

20 x Prepaid Wire 3Fase

50 x Base 1 Fase